



Fokus op Gehoorgestremdheid

Transoranje Instituut vir
Buitengewone Onderwys

Posbus 13383 Hatfield 0028

T: 012-362 0660

E: toibo@imagnet.co.za

Sonitusskool vir
Gehör- en
Leergestremdes

Geagte Dominee

Verlede maand het ons gefokus op kinders met doofheid. Hierdie maand val die fokus op die kind met 'n gehoorgestremdheid.

Sonitusskool is in 1973 gestig om oraal-ouditiewe onderrig aan hardhorende leerders te bied, vir kommunikasie in 'n horende wêreld.

Die skool is primêr geregistreer vir gehoorgestremde leerders, asook vir leerders wat leeragterstande ontwikkel het as gevolg van gehoorverwante mediese toestande soos *otitis media*. Later is 'n vaardigheidsbaan ontwikkel en is leerders met leergestremdhede en -agterstande ook ingeneem.

Daar is 'n volle akademiese baan vanaf taalgroepe [kleuters] tot by graad 12. Leerders skryf die NSS-eksamen. Keusevakke is beperk vanweë beskikbare bronne en personeeltoewysing.

Die Vaardigheidsafdeling volg sedert 2017 die amptelike CAPS: Tegniese Beroepsfase en bied onderrig en opleiding aan leerders wat akademies nie in hoofstroomskole of -klasse vorder nie en dus eerder 'n vaardigheid moet aanleer. Die dogters en seuns (junior en senior) volg verskillende praktiese kurrikulumvakke, en word voorberei vir verskeie beroepsvaardighede soos skoonheid, huishoudkunde, sweis, tuinbou, instandhouding en rekenaars.



Collen Beetge verower die Cecelia Viljoen-wisseltrofee as die Sagtebalspeler van die Jaar. Hy is onder andere gekies vir die Gauteng-Noord-span en die ALL STARS-span.

Om **gesproke taal** (nie gebaretaal nie) aan te leer, is dit belangrik dat 'n hardhorende persoon vroeg geïdentifiseer word en die nodige versterking ontvang en dit getrou dra. Gehoorgestremdes vanaf die ouderdom van drie jaar kan in die voorskoolse program geplaas word, wat uiters suksesvol kan wees. In die skool word die ouditief-orale benadering gebruik om die aanleer van taal te bevorder.



Sonitus is innoverend

Onderrigmetodiek word gereeld opgeskerp. Personeel en terapeute bly in kontak met die Universiteit van Pretoria en Medunsa se departemente vir spraakheelkunde en oudiologie. Studente en dosente besoek Sonitus gereeld.

Van die Sonituspersoneel is met gevorderde nagraadse studie besig in oudiologie, aanvullende en alternatiewe kommunikasie en kommunikasiepatologie. Hierdie baanbrekerswerk word beskou as die onderrigtegnologie van die toekoms.